Heilsmuur

3. God gryp in: Moses se opdrag Eks. 3:1-12

1. Terwyl Moses die kleinvee van sy skoonpa, Jetro, in die woestyn naby die berg Horeb opgepas het, verskyn die Engel van die Here in ‘n vlam binne-in ’n doringbos aan hom. Moses gaan nader. Die Here sê vir hom: “Moenie nog nader kom nie. Trek uit jou skoene, want die plek waarop jy staan is gewyde (heilige) grond.” (vs. 5)
2. God antwoord in vs. 7: “Moses, Ek het die ellende van my volk in Egipte duidelik gesien en hulle noodkrete oor die slawedrywers gehoor. Ek het hulle lyding ter harte geneem. Vs. 10: Daarom stuur Ek jou na die Farao toe, sodat jy my volk, die Isrealiete, uit Egipte kan bevry.”
3. Ja, God gryp In wanneer sy kinders in nood is. God kies iemand om namens Hom in te tree. Jes 6:8: “Toe het ek die Here hoor vra: Wie kan Ek stuur? Wie sal ons boodskapper wees? Ek het geantwoord. Hier is ek ! Stuur my.”
4. Dankie Vader, dat U ons nood raaksien en ingryp. As U ons wil gebruik: "Hier is ek, stuur my.” Amen.

GEBEDSVERSOEKE:

1. Tannie Alet: sy is weer in die hospitaal opgeneem.
2. Isabel du Toit: sy sê baie dankie vir al die gebede. Sy hoef nie ‘n heupvervanging te kry nie. Dit gaan goed met haar.
3. Tannie Hettie du Preez: sy was gehospitaliseer vir toetse, maar is nou weer tuis.
4. Dolfie Lee: ons innige meegevoel aan haar met die afsterwe van haar jongste broer, Kobus van Zyl.
5. Susan Pohl: haar suster, Riet, is in die hospitaal opgeneem.

Harties NG Poortbode 2022

In Christus NUUT

KERSVIERING Datum: 13 November 2022

Gemeenteprogram

Wo	16/11	09:00	Seniorbybelstudie	Jeugsaal
		09:00	Vrouebybelstudie	Voetekerk
Vr	18/11	06:00	Mannebiduur	Kerkgebou
So	20/11	09:00	KERSVIERING	Kerkgebou